# LAAT ONS ALMAL ONS WATERVERBRUIK VERMINDER

## VIND EN HERSTEL LEKKASIES

Lekkasies kan baie water mors, veral as hulle ongemerk of ondergronds is. Lekkasies op u eiendom is u verantwoordelikheid. Hier is 'n gids om dit vinnig te vind en te herstel, en daarby water en geld te bespaar.

### HOE OM TE KYK VIR LEKKASIES OP JOU EIENDOM

**SNY ALLE WATERVERBRUIK**

Maak al die krane op die eiendom toe en moet nie toilette spoel nie.

**KONTROLEER EN TEKEN DIT AAN**

Kontroleer en teken jou meterlesing op.

**WAG 15 MINUTE EN NEEM 'N NUWE LESING**

Maak seker dat niemand 'n kraan oopgemaak of toilet gespoel het, alvorens jy die meterlesing aangeteken het nie.

**AS DAAR 'N VERSKIL IS, HET JY 'N LEK OM TE HERSTEL**

As die nommer op die meter toegeneem het, beteken dit dat jou eiendom 'n lek het en jy moet optree soos per die Stad se Verordeninge.

**BEL 'N LOODGIETER OM DIE LEK TE HELP HERSTEL**

Tensy dit 'n eenvoudige DIY werk is.

### 3 EENVOUDIGE TOETSE VIR 'N TOILETLEK

Een lekkende toilet mors tussen 2 600 en 13 000 liter water per maand, afhangende van die vloeitempo van die lek. 'n Lekkende kraan mors tussen 400 en 2 600 liter water per maand.

Luister vir water wat in die toiletbak drup.

Druk 'n stukkie toiletpapier teen die oppervlak aan die agterkant binne in die toilet. As dit nat word, het jy waarskynlik 'n lek.

Plaas 15 druppels koskleursel in die waterbak. As die water in die toilet na 15 minute kleur verander het, is daar 'n lek.

As jy nie kan bekostig om 'n loodgieter uit te roep om 'n ernstige toiletprobleem op te los nie, gebruik die klein stopkraan/hoekklepkraan aan die onderkant van die toilet om die watervloei na die toiletbak af te sluit.

**RAPPORTEER GEBARSTE PYPE OF LEKKASIES IN STRATE EN OPENBARE RUIMTES AAN JOU PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**

WATER IS LIFE - SANITATION IS DIGNITY

TOLL FREE: 0800 200 200 www.dws.gov.za

## BESTE MANIER OM WATER TE BESPAAR

**HERGEBRUIK GRYSWATER**

Gebruik gryswater uit die bad, wasmasjiene en ander veilige bronne om die toilette te spoel en die tuin nat te maak.

**MONITOR JOU METER**

Lekkasies in en om die huis mors honderde liters water per dag.

**HOU STORTE KORT**

Plaas 'n emmer saam met jou in die stort om afloopwater op te vang. Maak die krane toe terwyl jy jou hare was of wanneer jy jou seep aan smeer en was.

**BAD MET MIN WATER**

Neem 'n vlak bad of skakel oor na 'n vinnige 90 sekonde stort deur die kraan oop en toe te maak tydens nat maak, seep en spoel.

**MOENIE KRANE LAAT LOOP NIE**

Maak krane toe wanneer jy skottelgoed was, jou tande borsel of skeer.

**SLEGS VOLLE VRAGTE**

Was wasgoed net as jy genoeg items het vir 'n volle vrag vir die wasmasjien.

**RAPPORTEER LEKKASIES**

Rapporteer lekkasies in u omgewing aan jou plaaslike munisipaliteit.

**BEMOEDIG WATERBESPARING AAN**

Bemoedig vriende en familie aan om hul eie waterbesparende idees te gebruik.

**VERMINDER WATERVERBRUIK**

Sit lae-vloei-stortkoppe en -belugters by al die krane in die huis.

**WATERBESPARING MOET JOU NIE SIEK MAAK NIE**

Dit is steeds belangrik om jou hande te was nadat jy die toilet gebruik het. Draai die kraan toe terwyl jy seep aan jou hande smeer.

### GETALLE WAT JY MOET WEET

**50 liter: Die maksimum hoeveelheid water wat elke persoon in Kaapstad moet gebruik vanaf 1 Februarie 2018.**
**41%: Die klein aantal Kapenaars wat minder as die huidige aanbevole maksimum van 87 liter per dag gebruik.**

**Wat jy met 50 liter water per dag kan doen**

- 2 LITER VIR DRINKWATER
- 2 LITER VIR KOOK
- 2 LITER VIR DAAGLIKSE HIGIËNE
- 15 LITER VIR 'N 90 SEK STORT
- 11 LITER VIR SKOTTELGOED EN WASGOED
- 18 LITER VIR 2 TOILET SPOELINGS

water & sanitation
Department:
Water and Sanitation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP · miss earth SOUTH AFRICA · OPERATION SA · WWF